VUYANI SAFE HAVEN
CHILD & YOUTH CARE CENTRE FOR VULNERABLE CHILDREN IN NEED OF CARE
87 CRADOCK STREET
PO BOX 654
GRAAFF-REINET
6280
+27 (0)49 892 3740
www.vuyanisafehaven.co.za
NPO: 091-122
PBO: 930027344

GESTIG IN 2000 | Joy Grows with Care | AUGUSTUS 2016

UITNODIGING: VUYANI ALGEMENE JAARVERGADERING — 15 SEPTEMBER 2016

GASSPREKER: LINDA BUKASA, PROJEKBESTUURDER VAN "FOUNDATION FOR ALCOHOL RELATED RESEARCH" (FARR) SE FAS & FASD PROJEK IN BETHELSDORP, PORT ELIZABETH

PLEK: GRAAFF-REINET STADSAAL (SYSAAL) **TYD: 14:30 VIR 15:00**

WIE: ALLE ROLSPELERS EN BELANGSTELLENDES UIT DIE GEMEENSKAP VAN GRAAFF-REINET

Linda Bukasa sal by Vuyani se Jaarvergadering berig oor die werk wat FARR tans in Bethelsdorp, PE, doen:

- Die omvattende assessering en neuro-ontwikkelingstoetsing om die voorkoms van FAS te bepaal,
- die Healthy Mother, Healthy Baby© program vir verwagtende vroue,
- opleiding van grondslagfase onderwysers in die area om kinders met FASD in die klaskamer te hanteer,
- opleiding van plaaslike maatskaplike werksters in dienslewering aan persone met FASD en hul families,
- gebruik van industriële teater om bewuswording van FASD in die gemeenskap te bring en
- FARR se lewensvaardighede programme — FAStrap en Verantwoordelike Alkohol Gebruik.

Leana Olivier—medestigter en CEO van FARR, het Graaff-Reinet onlangs besoek, op versoek van Vuyani Safe Haven en 'n groep uit die gemeenskap, wat kennis geneem het van die voorkoms van FASD in Graaff-Reinet. Sy het noodsaaklike inligting oor FAS en FASD verskaf. Sy het egter ook FARR se program bekend gestel wat hoop aan gemeenskappe bring wat erg geraak word deur die voorkoms van FAS en FASD. Vuyani en die groep gemeenskapslede, het hul daartoe verbind om FARR behulpsaam te wees om FARR se 3-jaar program na Graaff-Reinet te bring.

WAT IS FETALE ALKOHOLSINDROOM? Fetale Alkoholsindroom (FAS) word veroorsaak wanneer 'n swanger vrou alkohol tydens swangerskap gebruik. Die woord 'sindroom' dui op 'n hele omvattende reeks toestande waaraan die baba uiteindelik kan lei. Alkohol is giftig (toksies) vir die ongebore baba en enige orgaan kan beskadig word, met die ontwikkelende brein die kwesbaarste. Alle kinders met FAS het 'n matige tot ernstige graad van breinskade. Die gemiddelde IK van 'n kind met FAS is van 65 tot 75 (Norm = 100). SA het tans 'n beleid van inklusiewe onderwys en hierdie kinders is in hoofstroom skole. Die kinders, opvoeders en ouers voer dus 'n geweldige stryd om hierdie kinders te help om hul daaglikse uitdagings te hanteer.

WAT IS FETALE ALKOHOL SPEKTRUM AFWYKINGS ('FETAL ALCOHOL SPECTRUM DISORDERS or FASD)? FAS is die ergste vorm van Fetale Alkohol Spektrum Afwykings. Fetale Alkohol Spektrum Afwykings (FASD) dui op die hele spektrum van afwykings wat kan voorkom wanneer 'n baba in utero aan alkohol blootgestel is. Dit sluit die volgende in: aantasting van die ongebore baba se ontwikkelende organe deur die giftige (toksiese) effek van alkohol, veral die brein is baie kwesbaar. Om hierdie diagnose te maak vereis noukeurige neuro-ontwikkelingstoetsing deur gebruik te maak van spesiaal ontwikkelde sielkundige toetse.

Leana Olivier en Prof. Dennis Viljoen, baanbreker op die gebied van FAS en voorsitter van die Raad van Direkteure

Die voorkoms van FASD in Bethelsdorp is 13%. Geen syfers is beskikbaar vir Graaff-Reinet nie.

LATHALLAN SKOOL (SKOTLAND) VRYWILLIGERS — JULIE 2016

Hierdie groep leerlinge van Lathallan skool in Skotland het o.l.v. hul onderwysers, Fiona Howie en James Ferrier, gedurende die skooljaar fondse ingesamel vir Vuyani. Hierdie fondse gaan meestal aangewend word vir verbeterings en uitbreiding van ons bestaande infrastruktuur waar ons kinders gehuisves word.

Tydens hul besoek van 14—18 Julie, in hul somer-vakansie, het hul 'n houer groentetuinprojek voltooi en ook gemeenskapsdiens op Mandeladag by Sonstraal Educare Sentrum verrig.

Vuyani is ongelooflik dankbaar vir hierdie 6-jaar vennootskap met Lathallan skool!

'n Skenking deur een van die Skotse dogters se Ma het dit moontlik gemaak dat elkeen van ons Vuyani kinders 'n stel klere kon ontvang. Ons kon ook doeke en formule melk vir ons babas aankoop—wat 'n konstante noodsaaklike uitgawe bly.

Mandeladag by Sonstraal Educare Sentrum.

Oorhandiging van 'n spesiale rugbybal met die name van die hele Skotse groep daarop!

Tussen al die harde werk deur om die groentehouers te voltooi, was daar altyd ook tyd om met die kinders te spandeer. Dit bly die hoogtepunt van enige vrywilligerbesoek — die HOOP en VREUGDE wat hulle deur omgee aan Vuyani se kinders gee.

LATHALLAN SKOOL SE HOUERGROENTETUIN PROJEK

In die foto is Vuyani se drywer / terreinopsigter, Wilson Krismis, saam met die Vuyani seuns wat hom help om die groentetuin nou instand te hou. Dis vir ons belangrik dat ons kinders genoeg groente moet inkry om hul immuun-sisteem op te bou.

Dank aan die volgende instansies vir bystand met hierdie projek: Montego Pet Nutrition, Graaff-Reinet Hardeware, Isu-Rommel en Blue Magnolia Kwekery.

"BIKER'S WANTED" MOTORFIETSKLUB besoek Vuyani en oorhandig noodsaaklike toiletware en meer. Al hoe meer plaaslike instansies of gemeenskapslede begin met 'n inisiatiewe om Vuyani behulpsaam te wees.

SPESIALE NUUSFLITS:

Theo Tijssen van Nederland en jarelange vriend van Vuyani Safe Haven, het 'n substansiële bedrag deur sy organisasie, Stichting Nomzano Fre School Zuid-Afrika, bekom, sodat Vuyani omgewingsvriendelike installasies kan doen vir 'n besparing op die maandelikse elektrisiteitsrekening. Ons sal in die volgende nuusbrief meer uitvoerig hieroor berig.

SAMARA PRIVAAT WILDRESERVAAT VRYWILLIGERPROGRAM—2016

Samara se Vrywilligerprogram het weer gesorg vir baie opgewondenheid vir ons kinders.

Die span het Vuyani 'n paar maal besoek en ook deel geneem aan die 67 minute op Mandeladag.

Vuyani het ook een dag uitgery na Samara waar die Tracker Academy se spoorsnyers ons kinders meer van hul werk in die veld gewys het . Die oorsese vrywilligers het ons kinders met heerlike eetgoed trakteer en hulle kon ook op 'n regte 'game drive' gaan.

Dankie aan Sarah en Isabelle Tompkins, Julius Mkhize en hul Vrywilliger-span!

Bankbesonderhede: FNB Rekeningnr.: 62020166262

Takkode: 210216 **Swift code:** FIRNZAJJ

Kontant/ Tjeks / Debietorders: Stanley Accounting, Cradockstraat 60

Aflaaipunt vir tweedehandse klere, ens.: Cradockstraat 87 by Vuyani Safe Haven

Kontakpersone: Riana v.d.Ahee (PR & Bemarking) 079 425 6077 epos: riana@vuyanisafehaven.co.za

Elaine Stanley (Tesourier) 049 892 4814 email: elaine@stanleyaccounting.co.za

Christmas in July —ongelukkig afgestel weens te min kaartjieverkope.

Hierdie Vuyani dogter is die laaste 5 jaar 'n skolier by Adendorp Primary. Sy is 'n Elsen leerder, maar is tog gekies as hoof-dogter vir 2016 vir uitstaande kwaliteite in getrouheid, volharding en karakter en haar vermoë om 'n voorbeeld vir die an-der kinders te wees. Ons is trots op haar en ons bedank die Hoof, Mev. Jack, en die ander staf en leerlinge vir hul aan-vaarding van haar en vir die kans wat hulle hierdie dapper dogter gee om haar hoop en veerkragtigheid te ontwikkel!

Donovan Buys, 'n oud-Vuyani seun, rig sokkerspanne af in sy vrye tyd (hy werk by 'n plaaslike tandarts). Die Mumsey Art Group, 'n groep Amerikaanse toe-riste wat Graaff-Reinet besoek het met Jill Allen van African Pride Tours , het sokkeruitrustings vir Donovan gebring en ook geskenke vir Vuyani se kinders.

Vuyani het in die laaste paar maande 'n groot toe-name in versoeke vir plasing van kwesbare babas beleef. Ons hartlike dank aan elkeen wat reageer het op oproepe om hulp met babadoeke, formule melk, babaklere, kots, stootwaentjies, ens.

Ons babas groei en floreer, omdat jy omgee! Ons bedank ook al die vrywilligers wat kom hand gee om ons versorgers se taak makliker te maak en so help sorg dat ons babas genoeg aandag en liefde ontvang.

STAR DONORS

DONASIES 15 APR. 2016—30 JULIE 2016 (VOLLEDIGE LYS OP VUYANI WEBBLADSY)

OORSESE DONATEURS

Nora Weyer & Vriende * Jessica Hazel* Verena Gerber & Catherine* George Keller * Lathallan Skool

SUID-AFRIKAANSE DONATEURS:

*Richard & Jenny Biggs * NG kerk—Nuwe kerk * Moses Oibodo

KORPORATIEWE DONATEURS:

Montego Pet Nutrition * N1 Construction * ILead * Shoprite * SPAR* Merino Pharmacy * KFC-Graaff-Reinet and Add Hope * Samara Private Game Reserve * Radium Cleaners * Rupert Plase * SanParke

MAANDELIKSE DONATEURS:

* Maretha Willemse * The Assembly * Linda Botha * Marnus Ochse * EG Merifield * Shepherd's Tree Farm

Ampie Jordaan * Linda Botha * Gerald Buisman

Aan al die Vriende wat so gereeld donasies, bv. kos, nuwe– en tweedehandse klere en speelgoed by Vuyani aflewer, en ons Vrywilligers wat kinders bystaan met huiswerk en soveel meer . . .

Julle ondersteuning help ons om voort te gaan met die diens wat ons by Vuyani lewer.

DANKIE AAN AL ONS DONATEURS !!! — Laat weet ons asb. as ons per abuis jou naam uitgelaat het.